Sentrumhulp 'kritiek' vir kinders

Mnr. Michael J. de Klerk, van die raad van trustees van Girls & Boys Town en me. Lee Loynes, uitvoerende hoof van dié organisasie by die gedenkplaat wat by die opening van die studiesentrum in Magaliesburg onthul is. Foto: AMANDA ROESTOFF

Amanda Roestoff

'n Studiesentrum met die oog op die leerbehoeftes van leerlinge en inwoners van Girls & Boys Town is op 14 April in Magaliesburg geopen.

Die sentrum is die tweede van sy soort aan die Wes-Rand.

Die eerste sentrum is in Oktober verlede jaar op die Kagisokampus in Randfontein geopen en sowat 250 leerlinge kon reeds daarby baat vind.

Luidens 'n verklaring bied dié leersentrums leerlinge toegang tot die nuutste opleidingsmetodes. Die leerlinge word daar geevalueer en gehelp op twee kritieke gebiede – geletterdheid en wiskunde.

Die Magaliesburgse sentrum het 'n evaluering-en-beradingskamer, 'n biblioteek en rekenaarlaboratorium.

"Ons organisasie probeer altyd om op die voorgrond van die identifisering en gebruik van nuwe tegnieke te wees om ons werk te bevorder," sê me. Lee Loynes, uitvoerende hoof van Girls & Boys Town.

Dié leerprogram van die organisasie word deur die Nasionale Loteryraad ondersteun.

Nog vier nuwe leersentrums word landwyd beoog.

Buiten die nuwe geriewe in Magaliesburg is daar Girls & Boys Town-kampusse in Kagiso in Gauteng; Tongaat, Verulam en Glenwood in KwaZulu-Natal; en in Macassar, Claremont en Kenilworth in die Wes-Kaap.

Girls & Boys Town is 53 jaar oud en word sonder winsbejag bedryf. Dié organisasie lei ook opvoeders en fasiliteerders op wat saam met ouers en onderwysers, opvoedkundiges en instellings werk om kinders geduldige en liefdevolle sorg met begrip te bied.